# 16.GRENDELTYD WHATSAPP KINDERKERK LES:

## Rebekka help vir Jakob om te erf – Genesis 27

Op 'n dag roep Isak vir Esau. "My kind, ek is al oud en sal nie meer lank leef nie. Gaan skiet 'n bokkie en maak dit vir my lekker gaar. En na ek geëet het, sal ek jou seën."

In daardie dae het die oudste seun gewoonlik die meeste van sy pa se goed geërf, en hoof van die familie geword.

Esau is weg veld toe. Rebekka het gehoor wat Isak vir Esau sê. Sy gaan toe na Jakob toe. Sy het vir hom gesê: "Jakob, ons moet dadelik 'n plan maak. Pa het nou net vir Esau belowe dat hy baie sal erf as hy vir hom 'n bokkie gaan jag en gaarmaak. Gaan slag gou twee bokkies. Ek sal hulle gaarmaak soos Pa daarvan hou. Dan vat jy dit vir hom sodat hy jou kan seën voor sy dood."

Jakob het gesê: "Ma se plan gaan nie werk nie. Esau het baie meer hare op sy lyf as ek. Sê nou net Pa voel aan my. Hy sal dink ek skeer die gek met hom, dan erf ek niks!" Rebekka het geantwoord: "Moet jou nie daaroor bekommer nie. Gaan slag net die twee bokkies." Jakob het dit toe gedoen en Rebekka het 'n lekker ete voorberei, net soos Isak daarvan gehou het. Die velle van die bokkies het sy om Jakob se arms en nek vasgebind en Jakob het Esau se klere aangetrek sodat hy soos Esau sou ruik. Sy het die kos wat sy gemaak het, vir Jakob gegee.

Toe kom Jakob by sy pa en sê "Vader!"

Die arme blinde Isak antwoord: "Hier is ek. Wie is jy, my seun?"

"Ek is Esau, u oudste kind, Vader." sê Jakob. "Vader, ek het toe gemaak soos u gesê het. Hier is die vleis van die bokkie."

Isak sê: "Kom tog nader dat ek kan voel of jy werklik Esau is." Jakob het dit gedoen, en Isak het die harige bokvelletjie gevoel. Hy sê "Ek verstaan dit nie. Jy klink net soos Jakob en tog is jou hande harig soos Esau se hande."

Isak eet die vleis en toe sê hy: "My seun, kom kniel hier voor my."

Jakob het dit gedoen. Isak het Esau se klere geruik en gesê: "Ai, my seun, jy ruik net die veld! Dit laat my sommer dink aan hoe die Here vir alles sorg. So sal Hy ook vir jou sorg. Hy sal reën gee sodat jou oeste groot sal wees. Jy sal 'n ryk man wees. Die mense sal baie respek vir jou hê. Jy sal die leier van jou familie wees. Selfs jou broers sal na jou moet luister. Die Here sal goed wees vir mense wat aan jou goed doen, maar Hy sal die mense straf wat jou wil seermaak."

Jakob was skaars uit Isak se tent of Esau kom daar aan. Isak skrik, en hy vra: "Maar wie is jy dan?" "Ek is Esau, u oudste seun." Isak begin te bewe: "Maar wie het dan die bokkie geskiet? Wie is dit dan wat klaar geseën is? Ek het my hande op hom gelê en klaar alles aan hom gegee."

Toe is Esau baie hartseer en hy sê: "Asseblief, Vader, seën my ook."

"Esau" sê Isak, "jou broer Jakob het klaar jou seën gevat. Ek het alles aan hom gegee en hy gaan die erfgenaam word. Ek kan niks meer vir jou doen nie."

Esau het gesê: "Jakob is van die begin af 'n regte skelm. Eers het hy my afgepers om my erfposie in die hande te kry. Nou het hy Pa verkul om alles vir hom te gee. Daar moet tog iets wees wat Pa aan my kan belowe!"

Isak het geantwoord: "Ek het klaar gesê jou broer gaan jou baas wees. Ek het klaar belowe dat sy hele familie na hom sal moet luister. Ek het reeds gesê hy sal groot oeste hê en 'n ryk man word. Daar is niks wat ek meer vir jou kan gee nie." Esau het gesê: "Asseblief tog, Pa! Sê tog iets!" Isak het geantwoord: "Esau, jy sal op 'n slegte stuk grond ver hiervandaan gaan bly. Jy sal min reën sien en jou oeste sal nie groot wees nie. Jy sal gedurig besig wees om oorlog te maak. Jy sal na jou broer moet luister. As jy geduldig bly, sal jy dit later nie meer hoef te doen nie." Esau was woedend vir Jakob. Hy het by homself gedink: "Wag net tot Pa dood is, dan gaan ek Jakob doodmaak."

Rebekka het agtergekom wat Esau se plan is. Sy het Jakob gewaarsku: "Pasop vir Esau! Hy is van plan om jou te vermoor. Vlug na my broer Laban toe. Hy bly ver van ons af in die stad Haran. As jy so ver is, sal jou broer wel afkoel. Hy sal later vergeet wat gebeur het. Jy kan dan terugkom na ons toe. Ek wil regtig nie altwee my kinders op een dag verloor nie."

## 16. Rebekka help vir Jakob om te erf – Genesis 27

**Inleidende aktiwiteit:** Een waarheid, twee leuens. Elkeen in die gesin kry 'n kans om drie dinge oor hulself te sê. Twee is leuens en een is die waarheid. Laat die ander lede van die gesin probeer raai watter is die leuens en wat is die waarheid.

**Vrae:**

- Was dit maklik om uit te ken wat die leuens is en wat die waarheid is?
- Kon julle aan mekaar se gesigte of lywe sien wanneer die waarheid vertel is of wanneer daar gejok word tydens die speletjie?

Kom ons lees nou van 'n dag toe daar vir Isak gejok is.

Lees nou saam die Bybelstuk – Rebekka help vir Jakob om te erf

**Vrae:**

1. Hoekom wou Isak hê Esau moes gaan jag? (Hy wou vleis hê.)
2. Kon Isak goed sien? (Nee.)
3. Wat het Rebekka vir Jakob gesê om te doen toe sy hoor wat Isak vir Esau vra? (Hy moes twee bokkies gaan slag sodat sy dit kon gaarmaak vir Isak.)
4. Hoekom het Jakob nie gedink Rebekka se plan sou werk nie? (Hy was nie harig soos Esau nie.)
5. Hoe het Rebekka en Jakob gemaak sodat Isak sou dink hy is Esau? (Die velle van die bokkies het sy om Jakob se arms en nek vasgebind. Jakob het ook klere van Esau aangetrek.)
6. Hoe dink jy het Esau gevoel toe hy uitvind wat Jakob gedoen het?
7. Wat wou Esau met Jakob doen? (Hy wou hom doodmaak nadat Isak sterf.)

**Aktiwiteit: Gesels saam:**

- Het iemand al ooit iets wat baie belangrik vir jou was, van jou af weggeneem?
- Wat het jy gedoen?
- Het jy dalk al iets weggeneem van iemand af?
- Wat kan jy nou doen om dit reg te maak?

**Gebedsgids:**

- Vra die Here om jou te help om eerlik te wees in alles wat jy doen en te dink aan ander.